Tel: 021 873 1561 | Faks: 021 873 7094 | E-pos: admin@wellingtongemeente.co.za

Kerkseisoen:
Pinkster

Bulletin

Welkom by die erediens !

PROGRAM VIR VANDAG:

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
Verwelkoming by deure: André en Lida Marais(Hoof-ingang), Mara Nel(Gedenkmuur-kant), Thys en Petro Greeff(Pick & Pay-kant)		
09:15	Opening vir kerkraadslede	Konsistorie
09:30	Pinksterfees: Nagmaal	Ds. Lettie Büchner
10:00	Kategese: Gr. 4-10	Kerksaal en kerkgebou
10:30	Tee buite die konsistorie(indien die weer dit toelaat).	Helen Nieuwoudt en Nelmarie Thesnaar
10:00	Silwerkruin	Ds. Johan Portwig
17:45	Belydenisklas	Kerkgebou
19:00	*"Praise and Worship"*	Ds. Lettie Büchner saam met KlipKreet

DIAKENS EN DIENSWERKERS AAN DIENS VANDAG

SILWERKRUIN	Louisa van Wyk en Marie Schmidt
KERK	
Clifford Frylinck (Leier). 30 Persone soos per e-pos gereël vir die nagmaal.	

DANKOFFERS

Deurkollekte	Vanoggend se deurkollekte gaan vir Alta du Toit Nasorg. Baie dankie vir die bedrag van R2 130.75 wat verlede Sondag vir vir ons Feesfonds ontvang is. Volgende week se deurkollekte: Zimbabwe.
Bankkollekte	Verlede week se totale bankkollekte (Kerk & Silwerkruin) was R14 631,30.

GEBEDSVERSOEKE:

Ons deel in mekaar se lewens . . .

- Ons bid hierdie kwartaal spesifiek vir ons Sendelinge en die Sendeling-Ondersteuningsgroepe sowel as die Hospitaalbedieningsgroep.
- Dankie vir die Pinkstertyd: ons bid dat God se Woord sal saad skiet in ons lewe.
- Studente en leerders wat begin met eksamen.
- Bid vir die beplanning en voorbereiding van ons Junie-maand uitreik.

Ons leraars se aandprogram vir die week:
Ds. Lettie Büchner: Maandag en Donderdag: tuis, Dinsdag: VGK vergadering en Woensdag by Huis Andrew Murray en by gespreksgroep by Hugenote Kollege.
Ds. Bennie van Rensburg: Huisbesoek by Kogo en Dinsdag: VGK vergadering
Dr. Fanie Marais: Dinsdag: VGK vergadering.
Ds. Johan Portwig: Neem hierdie week verlof.

DAGBOEK / PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG, 28 MEI

18:00	Doopkategese in leraarskantoor

DINSDAG, 29 MEI

Verskeie tye	Gesamentlike Diensgroepe vergader met VGK

WOENSDAG, 30 MEI

09:30	Bybelskool. Ds. Bennie van Rensburg

DONDERDAG, 31 MEI

VRYDAG, 1 JUNIE

SATERDAG, 2 JUNIE

SONDAG, 3 JUNIE

09:30	Doopdiens: Ds. Bennie van Rensburg
09:30	Kategese: Gr. 1-3
09:30	Peuterkerk
10:00	Silwerkruin: Dr. Fanie Marais
10:30	Kategese: Gr. 4-10
17:45	Belydenisklas
19:00	Tekkiekerk

DIENSBEURTE VOLGENDE SONDAG

SILWERKRUIN	Leatitia Eksteen en Engela du Toit
KERK : Gasvryheid	Kobus en Marlene Meintjies(Hoof-ingang),Jean en Engela du Toit (Gedenkmuur-kant), Aletta Smit (Pick & Pay-kant)
KERK : Dankoffers	Jannie Rossouw (leier), Johan-Kruger van Zyl, Helen Niewoudt, Peter Boock, Jacques le Roux, Deona Nieuwoudt, Marius Nel, Esmé van Rooyen en Jannie Scholtz

A L G E M E E N

1. SAMEWERKING MET VGK

Die kerkrade van ons gemeente en VGK Wellington-Dorp het reeds ooreengekom dat ons op 5 terreine kan saamwerk: buitewyke, landelike skole, jeug, toerusting/bybelskool, en grond.

Dinsdag 29 Mei om 19:00 ontmoet die taakspanne mekaar in die kerksaal sodat die onderskeie terreine bespreek kan word. (Landelike skole vergader reeds die middag 17:00 by Blouvlei Primêr.)

In die plaaswyke/buitewyke wil ons met die kerkraadslede en Amos hande vat sodat daar meer (geestelike) ondersteuning verleen word aan mense wat te ver van die kerk af woon om al die aktiwiteite van die Wellington-Dorpgemeente by te woon. As jy 'n passie het daarvoor dat hierdie mense wat verwaarloos word, kom praat saam, asseblief!

Laat weet die kerkkantoor of dr Fanie (0832255076) as jy wil saamwerk.

2. PLAASSKOLE UITREIK

SKROP beplan 'n uitreik van 24-28 Junie vir die 6 plaasskole in die omgewing. Ons benodig 30 tiener vrywilligers en 12 studente.

Kan jy help met:

- Borgskap (geld) om kos te koop vir die kinders (kontak Magrietjie 082 889 0988).
- Voorbereiding van kos vir 40 vrywilligers vir 4 aande (kontak Nicolene 083 863 0982).
- Kos te vervoer na die plaasskole (kontak vir W.F. 071 683 7313).
- Vervoer van die vrywilligers (kontak Avril 082 800 0425).
- Bydrae van vrugte en verversings (kontak Jandré 084 383 7427).

3. HUGENOTE HOëRSKOOL KOOR

Dankie aan die koor wat ons vanoggend bedien!

NUWE INTREKKERS

Baie welkom in die gemeente en gemeenskap! Ons doen 'n beroep op alle nuwe intrekkers om die nuwe intrekkersvormpie by die deure in te vul. Gooi die voltooide vormpie in die kollektesakkie of kontak ons by die kerkkantoor, tel. 021 873 1561. U kan ook die webwerf besoek by www.wellingtongemeente.co.za